MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

Huiswerkbeleid vir die Grondslagfase

1. Slegs die Montie huiswerkboek mag gebruik word.

2. Huiswerk word afgeskryf op die dag waarop dit klaar moet wees.

3. Huiswerk word op die bord geskryf en dit is die onderwyser se verantwoordelikheid om toe te sien dat die huiswerk korrek afgeskryf is. Die leerders moet genoeg tyd kry om die huiswerk af te skryf. Die onderwyseres moet merkie langsaan maak om te se dit is gekontroleer.

4. Die inligting wat in die huiswerkboek geskryf word is slegs ter herinnering aan `n opdrag wat reeds met hulle in die klas bespreek is.

5. Alle werk wat vir huiswerk gegee word kan geassesseer word.

6. Alle toetse wat oor groot volumes werk handel sal 5 skooldae voor die toets op die bord verskyn.

7. Leerders moet nie net aandag skenk aan die werk wat vir die volgende dag vir huiswerk is nie, maar moet veral ook aandag gee aan die werk wat vooruit gegee word. Ouers teken egter slegs by die huiswerk wat vir die volgende dag gegee is.

8. Nie net toetse word geassesseer nie. Assessering vind plaas volgens KABV voorskrifte en kan die volgende, wat nie noodwendig voorberei kan word nie, insluit:

* Hoofrekentoetse	* Luisteraktiwiteite
* Werkkaarte/take	* Onvoorbereide lees
* Praktiese werk	* Begriptoetse
* Kreatiewe skryfwerk	* woordeskat ens

9. Ouers is verantwoordelik om toe te sien dat die huiswerk gedoen word en dan die huiswerkboek te teken. Indien `n leerder afwesig was, is dit sy/haar plig om die huiswerk uit te vind.

10. Indien die ouer `n brief in die huiswerkboek skryf, is dit die leerder se plig om die brief aan die onderwyser te wys. Die onderwyser sal dan by die brief teken as bewys dat hy/sy kennis geneem het van die brief.

11. Alle praktiese hulpmiddele wat skool toe gebring moet word vir tegnologie sal ten minste 2 skooldae voor die tyd aan die leerders deurgegee word.

****

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-6143080
goed vir jou